



Die Heilige Gees is ook aan my gegee

Skrif- en Fokusgedeelte: Handeling 2:1-12; Heidelbergse Kategismus Sondag 20

Ná sy hemelvaart en troonsbestyging het Christus die Gees uitgestort soos ons in Handeling 2 lees. Hy is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, saam met die Vader en die Seun die enige, ware en ewige God, almagtig, alomteenwoordig, alwetend. Sonder Hom is die Goddelike Wese nie kompleet nie. Hy is God.

So is Hy aan die werk. Hy werk in die natuur, in die skepping (Gen. 1:2; Ps. 104:30, DAV). Vandag bely ons Hom en sy werk in besonder as deel van ons enigste troos in lewe en in sterwe. Hy is op 'n baie besondere wyse aan sy kerk en aan elke gelowige gegee. So is Hy op Pinksterdag uitgestort, in die midde van die kerk. Hy bind ons saam in die gemeente, ongeag die verskeidenheid van beroepe, ouderdom en omstandighede. Elke gelowige kan egter ook persoonlik bely: Hy is aan my gegee. Hy woon in my.

Ons ervaar hierdie waarheid in die evangelie in ons eie taal (Hand. 2:8). As die Gees uitgestort word, word daar gepreek (Hand. 2:14 vv.). Ons sien die bewys van sy inwoning in die vrug in ons lewe. Ons vind dit in die kinderlike geloof in Jesus Christus. Die Heilige Gees maak my Christus deelagtig. Hy plaas Christus in die

sentrum van my lewe.

Saam met Christus ontvang ek ook deel aan al sy weldade, die geregtigheid, die kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die ewige lewe. So troos Hy my elke dag. Hy anker my lewe aan die ewige Rots, Jesus Christus.

Wat het ons meer nodig, op pad na die ewigheid?



Publikasie
Publication



Nr./No.: E07